**PREEKOPSOMMING: 19 OKTOBER 2025**

**TEMA: BLY IN DIE KRYT**

**SKRIFLESING: EFESIëRS 4:29 & JAKOBUS 3: 13 - 18**

***Hulle sal vergeet wat jy gesê het, maar hulle sal nooit vergeet hoe jy hulle laat voel het nie. CW Beuchner***

- Rocky flieks was groot soos boksers sterk, rats, vasberade.

- Baie van ons weet nie hoe om konflik op te los nie.

- Konflik is as gevolg van omdat ons uniek is en verskil.

- 1. Bly in die kryt en weg van die toue af.
  - Jy wil 'n oplossing hê. Jy kan nie loop nie. Beur deur negatiewe emosies.
  - Mans gaan gewoonlik grot toe.

**PASOP VIR:**

1. **Tou hom flou** – lê teen die toue en onder ou slaan homself moeg. Dis die ouens wat sê jy gaan my nie by die geveg insleep nie.

   Hulle vermy konflik en die verhouding bly oppervlakkig.
2. **Uitklophou** – Dis reg of weg. Doen wat ek sê. Ek kry elke keer my sin.
3. **Neerslaan vegter** – Gooi handdoek in. Gee eerste toe.

   Word vloerlappe

   Leef soms met bitterheid in die verhouding
4. **Die een twee slaner**

   Gee en neem oplossing

   Jy wen helfte en ek helfte

   Ek gee soms toe en jy gee soms toe
5. **Skermmaat** – Jy help jou maat

   Bereik 'n ooreenkoms wat beste is vir albei

   Die verhouding en doelwitte is dus belangrik

**REËLS VIR BAKLEI**

1. Baklei regverdig

Geen byt of onder belt

Nie vinger in oë

2. Moenie van die ander 'n sonde maak nie. Alles jou skuld

3. Sit 'n mondskerm in

Efesiërs 4:29 Geen vuil taal nie

Woorde kan diep sny

4. Kom ooreen om nie te sê, ek skei jou nie

Ook nie skeltaal nie.

5. Moenie aanval nie

Moenie die man speel nie.

Jy is 'n liegbek

Moenie missiele op mekaar skiet nie

6. Aanvaar verantwoordelikheid vir jou foute

7. Los ou koeie in die verlede

Fokus op die huidige probleem

As julle nie kan saamstem oor 'n saak nie fokus op versoening in plaas van beslissing. Kom ooreen om vriendelik te verskil.

Jak. 3:17 Die wysheid wat van bo kom is vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye, onpartydig en opreg.

Respek vir ander is baie belangrik.

Neem die Prins van Vrede saam in jou kryt en wandel elke dag met Hom